**VORM & VOLG**

7 WEKE REEKS: VRAE WAT GOD VRA

# VRAAG 6: WAAROM HUIL JY

9 MAART 2025 | JOHANNES 20:11-18

## 1. KUIER

Maak lekker koffie of tee en gee elkeen die geleentheid om te sê hoe hulle week was. Gee kans dat elkeen hulle hoogtepunte, laagtepunte en ook Godstories van die week deel. Deel ook hoe jy verder gereflekteer het op laasweek se vraag - Wat het jy in jou hand?

## 2. WORD STIL

Steek 'n kers aan en luister na die lied van Taizé - Behüte mich, Gott: "Keep me God, for I trust in You. You show me the path of life. With You there is fullness of joy.

https://www.youtube.com/watch?v=S6-UneKFn2I

## 3. WANDEL IN DIE WOORD

Lees Johannes 20:11-18 saam deur.

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

Let op wat vir jou uitstaan wanneer hierdie teks hardop gelees word:

- 'n Woord
- 'n Frase
- 'n Gedagte
- 'n Vraag
- 'n Onsekerheid
- Dalk neem hierdie teks jou gedagtes na iets in jou eie lewe



# 4. GESELS

- Draai nou twee-twee na mekaar en deel vir die ander een wat jy vandag gehoor het in die teks. (Gee genoeg tyd dat beide mense met mekaar kan deel)
- Draai nou terug in die groot groep. Gee geleentheid dat elkeen kortliks kan deel wat hulle by die persoon langs hulle gehoor het.

**Bespreek die volgende saam in die groep:**

1. Is jy gemaklik met jou eie trane? Wat van ander se trane?
2. Op watter maniere sou jy met Maria kon identifiseer soos wat sy buite Jesus se graf huil en treur?
3. Op watter wyse het jy al ervaar dat iemand vir jou'n klaagmuur was? Wat het dit vir jou beteken? Watter kwaliteite het hierdie persoon besit
4. Deel met mekaar waar jy al deur trane en diep hartseer beweeg het na 'n nuwe geleentheid, nuwe reis en dalk selfs 'n nuwe lewe?

# 5. GEBED

Waarvoor het jy gebed nodig vandag? Is daar dalk iets wat jy met die groep wil deel waaroor hulle vir jou kan bid? Bid vir mekaar. Sluit dan af met gebed in die groter groep. Julle is  welkom om die volgende gedig te gebruik vir gebed.

**EK WONDER**

as die seer diep binne jou,
uit die hoek van jou oog borrel,
saggies tuimel
en jou klop laat kruip
tot onder jou keel
en verlange jou omhels...
jy soos die verlore seun,
gedoem in alleenheid dans,
tussen mense verlate voel
en hulpeloos jou krag verspan...
wonder jy oor die nou en die hiernamaals
oor diè planeet,
rusplek van hemel en hel,
oor liefde...
en die vul van 'n hart

*- Anton Kilian*